

# HOE OM JOU HUIS TE VERF



Wat gaan  
jy daarmee  
aanvang?


Ek gaan my  
huis beskerm en  
mooi maak deur  
dit te verf.

**HOAP**

PAMFLETTE MET RAAD VIR DIE HUISEIENAAR



## VERSKEIE SOORTE VERWE



Vra 'n verfhandelaar of iemand wat goed kan verf watter soort verf goed pas by die soort werk wat jy wil doen. Verf van 'n goeie gehalte kos meer, maar sal ook langer hou as 'n goedkoper soort verf.

Die volgende soorte verf word baie gebruik:

- Gebruik akriel-PVA-verf met 'n water-basis om mure, plafonne en dakke te verf.
- Verwe met 'n sement-basis word in poeiervorm in papiersakke verkoop en met water aangemaak. Dié soort verf is ekonomies en kan gebruik word om 'n waterdigte laag op ongepleisterde baksteen- en betonblokmure te vorm.
- Emalje-verwe (enamels) en vernisse (varnishes) is verwe met 'n olie-basis en word gebruik om metaal en hout te verf.
- Verwe met 'n olie-basis bevat oplosmiddels (solvents) wat 'n gesondheidsrisiko inhou en die omgewing besmet.
- Gebruik 'n bietjie 'n omgewingsvriendelike produk soos "BreatheCoat" en kyk hoe dit werk. Dit is 'n poeier wat met water aangemaak word, en dit kan in die plek van akriel-PVA-verf gebruik word. Nog 'n omgewingsvriendelike produk, "EnviroTouch", kan weer op ander oppervlakke gebruik word, soos bv. op hout.

## DIE UITWERKING VAN VERSKILLENDE LAE VERF



- Die grondlaag (primer) verseël klein gaatjies en lê die grondslag vir goeie kontak tussen die oppervlak en die verf.
- Die onderlaag gee 'n eweredige kleur, wat dan met 'n volgende laag afgerond kan word.
- Die boonste laag bring die afronding en beskerm die oppervlak teen skade deur weersomstandighede of ander invloede.
- Maak seker dat die soorte verf wat jy vir die verskillende lae gebruik, van dieselfde vervaardiger af kom.

## HOE OM OPPERVLAKKE GEREED TE MAAK

### MURE



- Skraap die oorblyfsels van afskilferende ou verf af, skrop die mure, laat dit heeltemal droog word.  
Maak alle gaatjies en barste toe met 'n vulmiddel (filler) vir binnenshuise of buitemuurse gebruik, afhangende van waar jy verf.
- Verf die muur met een laag akriel-grondverf (acrylic primer paint) en twee bo-lae akriel-PVA-verf of "BreatheCoat".

### VENSTERS EN DEURE

#### Staal


- Verwyder alle vuiligheid, olierigheid en roes.
- As die metaal nie gegalvaniseer (versink) is nie, verf dit met een laag rooilood-grondverf (red lead primer).

#### Hout

- Verwyder alle vuiligheid en skuur liggies met skuurpapier.
- Verf dit met twee lae vernis (varnish) of twee lae van 'n ander hout-verseëlmiddel (wood sealer).

#### Binnenshuise deure

- Verwyder alle vuiligheid en skuur liggies met skuurpapier.
- Verf met een laag onderlaag-verf gevolg deur twee lae van 'n emalje-verf (enamel paint).



# DIE BELANGRIKSTE RAAD IS:

- **KIES DIE REGTE SOORT VERF VIR DIE WERK WAT JY DOEN**
- **MAAK ALLE OPPERVLAKKE BEHOORLIK GEREED VIR DIE VERFWERK**
- **VOLG DIE VERWAARDIGER SE INSTRUKSIES AS JY VERF GEBRUIK**

## WENKE:

Hou jou huis só skoon as jy verf - en bly sommer ook self skoon:

- Dra ou klere of 'n oorpak as jy verf.
- Hou 'n nat lap byderhand om jou hande af te vee en enige morskollie te verwyder.
- Moenie in morskollie trap en die hele vloer vol verspore trap nie.
- Gebruik koerantpapier en plakband (masking tape) om die vloer, meubels en toebehore te bedek en te beskerm.



## PLAFONNE

- Verwyder alle stof en vuiligheid. Verf die spykerkoppe met emalje-verf (enamel paint) om roes te voorkom.
- Skuur alle ongelyke plekke met skuurpapier totdat dit gelyk en glad is.
- Verf met een laag akriel-verf wat volgens die instruksies van die vervaardiger verdun is, en verf daarna met twee lae akriel-PVA-verf.

## DAKPLATE

### Sinkplaat (gegalvaniseerde yster)

- Maak die oppervlak sorgvuldig skoon. Jy kan 'n spesiale skoonmaakmiddel gebruik om die galvanisering af te kry, want dit verbeter die oppervlak vir die verf.
- Verf met een laag akriel-grondverf (acrylic-based primer) en twee lae akriel-dakverf.

### Asbes of veselsement

- As jy asbes skoonmaak, moet jy 'n gesigsmasker dra sodat jy nie asbestof inasem nie.
- Verf met twee lae akriel-dakverf.



## WAT JY NODIG HET



- Verfskrapers en skuurpapier om vuiligheid en ou verf te verwyder.
- 'n Verfroller en verfbak (paint tray) om groterige oppervlaktes te verf.
- Groot en klein verfwasse vir kleiner oppervlakke.
- Kleinerige blikke waarin jy verf uit groter blikke kan oorgooi.
- Koerantpapier en groot velle plastiek om vloere en meubels te beskerm.
- Plakband (masking tape) om die rande van ruite, skakelaars en ligte te beskerm.

## SKOONMAAK EN OPRUIM



- Was die verfwaste en -rollers goed uit. Die hare van die kwaste moet sag wees en nie aan mekaar vassit nie.
- Was kwaste en rollers met water as jy met akriel-PVA-verf gevef het, en met terpentyn ("turps") as jy met emalje-verf (enamel paint) of vernis (varnish) gevef het.
- As jy die volgende dag met die verfwerk wil aangaan, kan jy die verfwaste oornag regop in 'n houër met water laat staan.
- Moenie oorskiet-verf, brandspiritus, terpentyn ("turps") en ander skoonmaakmiddels in die riool-, water- of stormwaterpyp of op die grond uitgooi nie. Gooi dit eerder in houers wat goed sluit, en bêre dit vir later of gooi dit saam met die houër in die vullisblik.



## VEILIGHEIDSWENKE

Baie soorte verf bevat oplosmiddels (solvents) wat ontvlambaar is, en dit is gevaarlik om die dampe van hierdie middele in te asem.

- Moenie naby verf, terpentyn ("turps") of skoonmaakmiddels rook nie, en moenie toelaat dat ander mense dit doen nie.
- Hou die vensters van die kamer(s) oop waar jy verfwerk doen.
- Hou verve en skoonmaakmiddels buite die bereik van kinders.
- Moenie oorskiet-verf of brandspiritus, terpentyn ("turps") of ander skoonmaakmiddels in koeldrankbottels of ander houers gooi wat kinders mag verwar nie.
- Dra 'n masker as jy met asbestos werk - dit is gevaarlik om abestos-stof in te asem.



## LEES OOK DIE ANDER PAMFLETTE OOR:

- Hoe om jou huis te pleister
- Hoe om jou huis op te knap



CITY OF CAPE TOWN  
ISIXEKO SASEKAPA  
STAD KAAPSTAD

Gepubliseer by Development Action Group  
101 Laer Hoofweg, Observatory, 7925  
Tel: (021) 448-7886 • Faks: (021) 447-1987